Verslagwaardig: Ja / Nee
Sirkuleer aan Regters: Ja / Nee

Sirkuleer aan Landdroste: Ja / Nee

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Noord-Kaapse Afdeling)

**Saakno:** CA&R 138/01

**Datum verhoor:** 10/12/2001
**Datum gelewer:** 10/12/2001

In die appél:

**ANDRIES JAFTA** **APPELLANT**

*versus*

**STAAT** **RESPONDENT**

Coram: **KGOMO RP** *et* **MAJIEDT R**

# KONSEPUITSPRAAK OP APPéL

## *MAJIEDT R:*

1. Die Appellant kom met verlof van die verhoorhof in hoër beroep teen sy skuldigbevinding op ‘n aanklag van moord sowel as sy vonnis van 15 jaar gevangenisstraf.

2. Die Appellant was beskuldigde 1 tydens die verhoor. Sy medebeskuldigde is onskuldig bevind op die aanklag van moord, maar skuldig bevind aan ander aanklagte. Die Appellant, daarenteen, is onskuldig bevind aan die ander aanklagte maar skuldig bevind aan moord.

Die skuldigbevinding spruit uit ‘n voorval wat plaasgevind het op die 4de Oktober 1999 te Galeshewe by ‘n drankhuis. Die Appellant het onskuldig gepleit en daar is namens hom ingevolge art 115 van die Strafproseswet verduidelik dat ten aansien van sodanige pleit op die moordaanklag sy verweer

een van noodweer is.

3. Die skuldigbevinding berus grootliks op die getuienis van die staatsgetuies Shadrack Mothibi en Michael Boer. Die twee getuies se getuienis kan as volg opgesom word:

- Die voorval het ongeveer 2 uur die oggend plaasgevind buite die drankhuis.
- Michael Boer was werksaam by die buitehek van die drankhuis waar die voorval plaasgevind het. Volgens sy getuienis het hy opgemerk dat die oorledene die drankhuis verlaat het waarna die Appellant se medebeskuldigde in 'n geveg met die oorledene betrokke geraak het. Die oorledene het nie tydens hierdie bakleiery teruggeslaan nie.
- Appellant het toe opgedaag en die oorledene met 'n mes in die rug gesteek.
- Nadat hy gesteek was het die oorledene sy vuurwapen uitgehaal, maar voordat hy dit kon gebruik het hy neergeval.
- Boer het getuig dat die oorledene geretireer het tot by die punt waar die Appellant hom gesteek het met die mes. Mothibi aan die ander kant het getuig dat die oorledene omgedraai het en vorentoe geloop het in die rigting van die punt waar hy gesteek is met die mes.

4. Shadrack Mothibi het die voorval gade geslaan op 'n later stadium as Michael Boer. Toe Mothibi die drankhuis verlaat het was die bakleiery, volgens hom, reeds aan die gang en het hy die gebeure verderaan waargeneem.

5. Daar is etlike verskille tussen hierdie twee getuies se weergawes. Verder is daar ook verskille tussen Mothibi se *viva voce*-getuienis en sy getuieverklaring. Die staat en die verdediging is dit eens dat hierdie verskille bestaan. Die vraag wat ontstaan is: *Watter waarde moet geheg word aan hierdie verskille?* Ek sal aanstons hiermee handel.

6. Die staat het ook die getuienis van ene Abraham Ntseane gelei. Die landdros het hierdie getuie se getuienis verwerp. Ntseane het in elk geval geen bydrae gelewer wat betref die steekvoorval self nie en het sy getuienis bloot gehandel oor wat daarna plaasgevind het. Volgens Ntseane het Shadrack Mothibi hom binne die drankhuis kom meedeel dat die oorledene daar buite met 'n mes gesteek was. Ntseane is toe uit waarna hy die verdere gebeure gade geslaan het.

7. Drie polisiebeamptes se getuienis is ook gelei namens die staat, maar hierdie getuienis handel oor aspekte wat nie relevant is tot die beregting van die geskilpunt nou voor ons nie.

8. Die Appellant self het ook getuig maar is sy getuienis verwerp as onwaarskynlik en leuenagtig.

9. In sy argument het mnr Nel, wat namens die Appellant verskyn, grootliks die volgende bevindinge van die landdros aangeval, te wete:

a) die landdros se aanvaarding van die getuienis van Boer en Mothibi, nieteenstaande die verskille in hulle getuienis wat volgens mnr Nel wesenlike verskille is;

b) Die feit dat die landdros sonder meer Abraham Ntseane se weergawe van die gebeure verwerp het; en

c) Die landdros se verwerping van die Appellant se getuienis as

vals bo redelike twyfel.

10. Ek het alreeds hierbo aangedui dat beide die staat en die Appellant se advokate *ad idem* is dat die twee getuies se getuienis deurspek is met weersprekings in hulle onderskeie weergawes. Hierdie weersprekings sluit in die feit of die Appellant ook vir die oorledene met die vuis geslaan het voor die messtekery asook die vraag of die oorledene terugbaklei het met die Appellant se medebeskuldigde. Verder is daar verskille in die twee getuies se getuienis ten aansien van waar presies hierdie voorval buite die drankhuis plaasgevind het. Soos ek hierbo aangedui het, verskil hulle ook oor die feit of die oorledene geretireer het of vorentoe geloop het toe hy gesteek was.

11. In sy uitspraak het die landdros, soos hy dit bestempel "*korte mette*" gemaak van Abraham Ntseane se getuienis. Hy het naamlik hierdie getuie se getuienis verwerp op die basis dat dit in stryd is met dié van Boer en Mothibi en ook met die twee beskuldigdes se weergawes. Die landdros was verder ook deeglik bewus van die weersprekings tussen die weergawes soos voorgehou deur Boer en Mothibi, maar het desnieteenstaande hul getuienis aanvaar. Sy *ratio* vir die aanvaarding van hulle getuienis is dat hulle op alle wesenlike aspekte wel ooreenstem in hulle weergawes van die gebeure. Dit is inderdaad so dat wat die aanval self betref, die twee getuies se weergawes tot 'n groot mate ooreenstem. Die landdros was na my mening korrek in sy benadering deur te kyk na die totaliteit van die getuienis voor hom en die getuies se getuienis te aanvaar waar dit mekaar staaf en waar dit ook deur die objektiewe waarskynlikhede gestaaf word.

12. In **S v Mkohle 1990(1) SASV 95(A)** op 98 f-g het Nedstadt AR hom as volg uitgelaat aangaande die evaluering van weersprekings in getuies se getuienis:

> "*Contradictions per se do not lead to the rejection of a witness' evidence. As Nicholas J, as he then was, observed in S v Oosthuizen 1982(3) SA 571(T) at 576 B-C, they may simply be indicative of an error. And (at 576G-H) it is stated that not every error made by a witness affects his credibility; in each case the trier of fact has to make an evaluation; taking into account such matters as the nature of the contradictions, their number and importance, and their bearing on other parts of the witness' evidence.*"

Sien verder: **S v Nyembe 1982(1) SA 835(A) te 842 G;**

**S v Bruinders en 'n ander 1998(2) SASV 432(SOK) te 439 f.**

13. Mnr Nel se verdere betoog dat die landdros gefouteer het deur die getuie Abraham Ntseane se getuienis sonder meer te verwerp het na my mening geen meriete nie. Ntseane se waarneming van die gebeure is heeltemal strydig met beide Boer en Mothibi s'n. Dit strook ook nie met die objektiewe waarskynlikhede in die saak nie. Ntseane wil dit hê dat die oorledene eers sy vuurwapen uitgehaal het op 'n stadium toe hulle (d.w.s. Ntseane en sy vriende) alreeds by die oorledene was om hom te help. Dit is myns insiens heeltemal onwaarskynlik dat die oorledene op hierdie stadium nog sou poog om sy vuurwapen uit te haal, aangesien die aanval lank reeds afgeloop het en daar omstanders was wat op hierdie weergawe besig was om hom by te staan. In elk geval neem Ntseane se weergawe nie die saak enigsins verder nie. Nog minder is dit enigsins van hulp vir die Appellant in sy saak.

14. Die Appellant se getuienis gaan mank aan verskeie gebreke. Soos uitgewys deur die landdros in sy uitspraak het mnr Nel, wat ook tydens die verhoor namens die Appellant opgetree het, nooit aan enige van

Mothibi en Boer enige stelling gemaak oor wat die Appellant se weergawe is oor hoe hy die oorledene getref het in die rug met die mes nie. Die landdros se afleiding dat mnr Nel geen instruksies, alternatiewelik onbetroubare instruksies hieraangaande gehad het, is myns insiens heeltemal geregverdig. ‘n Verdere belangrike weerspreking is dat dit deurgaans aan hierdie twee staatsgetuies gestel is dat die Appellant op die stadium toe hy die meshou toegedien het, nie geweet het of die oorledene se vuurwapen gespan was al dan nie. Hierdie stellings het gestrook met die Appellant se getuienis in hoof, te wete dat hy die meswond toegedien het op ‘n stadium nadat die oorledene reeds sy vuurwapen getrek het en gesê het hy gaan hom skiet. Eers daarna het die oorledene gepoog om die vuurwapen te span.

Gedurende die kruisondervraging het die Appellant egter lynreg hierdie weergawe weerspreek en getuig dat, op die stadium toe hy die oorledene gesteek het, die oorledene die vuurwapen in sy hand gehad het, dit het grondwaarts gewys en die oorledene was besig om te poog om die vuurwapen te span. Net hierna het die Appellant weereens sy weergawe gewysig deur terug te val op sy oorspronklike weergawe oor wanneer die vuurwapen gespan sou gewees het.

Verder neem die landdros ook heeltemal tereg, na my mening, in ag wat die Appellant se optrede was na die voorval. Uit die drie polisiebeamptes, Mussie, Molete en Mabugro se getuienis blyk dit duidelik dat die Appellant ‘n onwaarheid vertel het in sy weergawe dat hy nie na die voorval saam met sy medebeskuldigde na die Kagisho-polisiestasie was nie. Wanneer aanvaar word, soos die landdros heeltemal tereg gedoen het (en mnr Nel het nie hierdie bevinding hoegenaamd aangeval nie) dat die Appellant saam met sy medebeskuldigde wel by die polisiestasie was, dan is daar geen verduideliking oor waarom hy die feit van die mesaanval op die oorledene verswyg het nie. Verder kon hy homself ook tot ‘n mate verontskuldig het deur vir die polisie mee te deel dat die vuurwapen van die oorledene in sy medebeskuldigde se besit op daardie stadium was.

15. Selfs op sy eie weergawe het die Appellant ernstige probleme. Dit is egter nie nodig om daarop verder in te gaan nie, aangesien die landdros

heeltemal tereg sy weergawe verwerp het as vals bo redelike twyfel.

16. Vir dié redes is ek derhalwe die mening toegedaan dat die skuldigbevinding regtens in orde is.

17. Wat die vonnis aanbetref handel dit slegs daaroor dat die verhoorlanddros, volgens mnr Nel, gefouteer het deur te bevind dat daar nie dwingende en wesenlike omstandighede aanwesig is soos bedoel in artikel 51(3)(a) van Wet 105 van 1997 nie. Mnr Nel het egter in sy betoogshoofde, heeltemal tereg na my mening, toegegee dat die enkele persoonlike omstandighede wat strafversagtend kon uitwerk op die vonnis, beklad en oorskadu word deur die Appellant se vorige veroordelings sodat hy nie met reg kan argumenteer dat daar inderdaad dwingende en wesenlike omstandighede aanwesig is nie. Hierdie toegewing is heeltemal korrek in die omstandighede en kan ek niks fout vind met die landdros se benadering ten aansien hiervan nie.

In die omstandighede meen ek ook dat die vonnis van 15 jaar gevangenisstraf heeltemal vanpas is.

**Ek sou derhalwe die appél van die hand wys en die skuldigbevinding en vonnis bekragtig.**

_____________

**SA MAJIEDT**
**REGTER**

**Ek stem saam en gelas dienooreenkomstig:**

______________

**FD KGOMO**
**REGTER-PRESIDENT**

**NAMENS APPELLANT: ADV I NEL**
**NAMENS RESPONDENT: ADV TT BIRCH**

**DATUM VAN VERHOOR: 10 DESEMBER 2001**
**DATUM VAN UITSPRAAK: 10 DESEMBER 2001**